

Steyn, GJ

Universiteit van Pretoria

Die *vita Christiana* volgens Hebreërs 10:19-25

Eksegetiese kantaantekeninge

ABSTRACT

The vita Christiana according to Hebrews 10:19-25. Exegetical notes in the margin

Hebrews 10:19-25 is an important pericope, being a summary of the previous section and an introduction to the next section in Hebrews. It contains four exhortations of which the first three are presented in the subjunctive and the last in the participle. These exhortations (vv.22-25) aptly summarise the Christian life (*vita Christiana*) and find their base in “the new and living way” which was opened up to Christians via the “blood of Jesus” and via “his body” (vv.19-21). Within this cultic context, the first exhortation serves as the “votum” of the *vita Christiana* which is a call to worship (v.22), whilst the second is a confession of hope (v.23). The third exhortation focuses on the ethics of the Christian life (v.24) and the fourth on the importance of the community of believers (v.25). Each exhortation provides the reason why, or the manner in which they ought to become a reality.

INLEIDING

Geleerdes is dit redelik eens dat Hebreërs eintlik ’n preek is. Omdat dit dus ’n argumentatiewe teks is, is dit ’n interessante boek om te ontleed by wyse van retoriese, diskoers- of struktuuranalitiese benaderings. Daar is reeds verskeie moontlikhede aangebied om die boek se struktuur te probeer voorstel, maar dis ’n komplekse saak (Trotter 1997:81-82). Dis egter nietemin duidelik dat die skrywer ’n baie sterk voorkeur openbaar om sy gedagtes goed gestruktureerd aan te bied. Dit vind grotendeels plaas by wyse van chiastiese konstruksies of ringskomposisies. Op ’n mikrostrukturele vlak kan dit keer op keer gesien word wanneer verskillende perikope of selfs groter tematiese eenhede ontleed word. Een so ’n perikoop is Hebreërs 10:19-25 (’n aansporing tot volharding) wat vier duidelike instruksies, of oproepe, bied hoedat die Christelike lewe (*vita Christiana*) ingerig behoort te word. Manson (1953:66) het na hierdie perikoop verwys as “perhaps the supreme expression of the writer’s thought of the Christian life” en Westcott (1974:317) as die “privileges and duties of Christians”. Dis dan ook nie vreemd nie, omdat hierdie perikoop die tweede groot hoofdeel van Hebreërs, die praktiese deel (10:19-13:25) inlei, nadat die dogmatiese deel (1:1-10:18) aan die orde gekom het (cf. Kistemaker 1984:286). Uit hierdie perikoop kom die triade van kardinale, of gronddeugde, duidelik na vore: geloof, hoop en liefde (Swetnam 1974:336; Strobel 1975:197; Kistemaker 1984:289; Wilson 1987:191; Attridge 1989:290). Die vier instruksies (waarvan die eerste drie in die subjunktief voorkom en die vierde in die partisipium) word voorafgegaan deur ’n samevatting van die voorafgaande diskoers. Die samevatting word in ’n ringskomposisie aangebied en verskaf dus enersyds ’n opsomming van die eerste hoofdeel (spesifiek 8:1-10:18), en andersyds die inleiding tot die laaste hoofdeel en die grondmotief waarom die instruksies wat volg uitgevoer behoort te word. As inleiding tot die laaste deel, verwys Backhaus (2005:161) hierna as die “prelude tot die *peroratio*” – wat aanvaar word as spesifiek 12:18-29 te wees (Lincoln 2006:17).

Dis 'n tipiese kenmerk van die Hebreërskrywer om op bepaalde sleutelpunte 'n samevatting te gee van sy argument (sien bv. 4:14-16). Ons vind dieselfde tegniek ook hier aan die begin van die perikoop (Westcott 1974:318; Trotter 1997:91). Verse 19-21 bied 'n samevatting van die vorige diskoers en verduidelik wat die konsekwensies of gevolge is van Christus se sterwe. Dit word in kultiese taal beskryf en metafories toegepas (Attridge 1989:288). Vyf sodanige sake word genoem by wyse van 'n stelling wat bykans soos 'n "jubelsang" klink (Du Toit 2002:168).

Samevatting en motivering	<p>A παρρησίαν εἰς τὴν εἴσοδον τῶν ἁγίων [<i>vrymoedigheid tot toegang tot die heiligdom</i>]</p> <p>B ἐν τῷ αἵματι Ἰησοῦ [<i>deur die bloed van Jesus</i>]</p> <p>C ἣν ἐνεκαίνισεν ἡμῖν ὁδὸν πρόσφατον καὶ ζῶσαν [<i>wat vir ons 'n nuwe weg ingewy het en ('n weg) wat laat lewe</i>]</p> <p>B διὰ τοῦ καταπετάσματος, τοῦτ' ἔστιν τῆς σαρκὸς αὐτοῦ [<i>deur die voorhangsel, dis sy liggaam</i>]</p> <p>A καὶ ἱερέα μέγαν ἐπὶ τὸν οἶκον τοῦ θεοῦ, [<i>en 'n groot priester oor die huis van God</i>]</p>
----------------------------------	--

Die middelste element staan in die sentrum en beskryf die aard van die weg. Dis 'n nuwe weg en 'n weg wat laat lewe (ὁδὸν πρόσφατον καὶ ζῶσαν). Die term πρόσφατον het moontlik aanvanklik "pas geslag" beteken, maar mettertyd die betekenis "nuut" gekry (Maurer 1964:766-7; Liddell & Scott 1968:1529). Die ander vier elemente staan in 'n ringskomposisie.

Die eerste element (παρρησίαν εἰς τὴν εἴσοδον τῶν ἁγίων, vrymoedigheid tot toegang tot die heiligdom) en die laaste element (καὶ ἱερέα μέγαν ἐπὶ τὸν οἶκον τοῦ θεοῦ, die groot priester oor die huis van God) is semanties verbonde. Die verwysing na τῶν ἁγίων beteken eintlik τὰ ἅγια τῶν ἁγίων en verwys na die allerheiligste ruimte in die tempel (cf. Heb 9:2, 12; Kistemaker 1984:291). Hierdie *eisodos* in die heilige ruimte staan antities teenoor die *exodus* uit die stedelik dominante kultuur (11:8, 27, 29; 13:13; Backhaus 2005:156). Die laaste element maak die eerste moontlik, d.w.s. omdat Christus priester is oor die huis van God, het gelowiges vrymoediglik toegang tot hierdie heiligdom.

So is dit ook die geval met die tweede (ἐν τῷ αἵματι Ἰησοῦ, deur die bloed van Jesus) en die vierde elemente (διὰ τοῦ καταπετάσματος, τοῦτ' ἔστιν τῆς σαρκὸς αὐτοῦ, deur die voorhangsel, dis sy liggaam). Die tweede en die vierde maak die middelste moontlik, d.w.s. omdat Christus deur sy bloed en deur sy liggaam (metafories die voorhangsel) toegang verleen het, is daar nou 'n nuwe lewegewende pad vir gelowiges. Dus: deur die bloed en die liggaam van Jesus word Christengelowiges ingewy tot 'n nuwe en lewende weg. Dis deur die bloed van Jesus en deur sy liggaam dat gelowiges die groot wending vind, die grond en rede vir 'n nuwe lewenswyse, nuwe vrymoedigheid, sekerheid en vryheid. Du Toit (2002:168) praat hiervan as die "onfeilbare toegangskaartjie tot die heiligdom", terwyl Lincoln (2006:94) die perspektief uitlig dat gelowiges op aarde dus reeds toegang tot die hemelse sfeer en tot die teenwoordigheid van God verkry. Gäbel (2006:464-5) formuleer dit gepas: "Der weg der σὰρξ Christi wird 'unser' Weg zum himmlischen Heiligtum, wenn 'wir', gleich ihm, in irdischer Profanität gehorsam sind ...". Voortvloeiend hieruit kan die vier oproepe nou aan die gelowiges gerig word.

EERSTE OPROEP: DIE VOTUM VAN DIE *VITA CHRISTIANA* (10:22)

Die eerste oproep is in die vorm van ’n hortatiewe subjunktief en die eerste van drie (sien ook v.23 en v.24). Die oproep klink soos ’n votum en benadruk die geloofsverhouding met God. Dis ’n oproep wat gelowiges aanspoor om aktief in die teenwoordigheid van God in te tree: “Laat ons voortdurend tot God nader” (προσερχώμεθα). Die woorde eggo ’n soortgelyke oproep wat vroeër in 4:16 aan die orde gekom het (Kistemaker 1984:286). Hierdie oproep kan allerweë beskou word as die doel van die hele kultiese konsep: om tot God te nader (Eberhart 2005:62). Ons vind hier ’n kwalifikasie by die oproep en die *wyse* waarop dit moet gebeur word uitgespel: enersyds moet daar met ’n opregte hart tot God genader word (μετὰ ἀληθινῆς καρδίας), andersyds met volle geloofsekerheid (ἐν πληροφορίᾳ πίστεως). Die skrywer meld egter ook die *rede* waarom daar voortdurend tot God genader behoort te word: enersyds die innerlike – omdat gelowiges se harte gereinig is van ’n skuldige gewete (βεραντισμένοι τὰς καρδίας ἀπὸ συνειδήσεως πονηρᾶς), andersyds die uiterlike – omdat hulle liggame gewas is met skoon water (καὶ λελουσμένοι τὸ σῶμα ὕδατι καθαρῷ). Let op die sinonieme βεραντισμένοι ἐν λελουσμένοι, albei in die perfektum passief. Die rede waarom hierdie gelowiges tot God behoort te nader het dus direk te make met hulle huidige toestand. Vroeër moes hulle gereeld reinigingsbaddens onderneem. Maar “deur die bloed van Jesus” (v.19) het daar nou lewe gekom. Hier sinspeel die wassing met skoon water op die doop (Strobel 1975:198; Kistemaker 1984:288). Die konteks van die kultiese metafoor van die tempel wat op Christus se sterwe toegepas is in die vorige deel, gee 10:22 se oproep besondere betekenis. Met toegang wat gebaan is deur Jesus as die “groot priester” (ἱερέα μέγαν, v.21) en sy liggaam as voorhangsel van die allerheiligste (v.20), is ’n nuwe weg geopen. Die pad is oopgemaak om voortdurend tot God te kan nader. Dit veronderstel op sigself dat die Christengelowiges hier te doen het met ’n God wat luister (Du Toit 2002:169).

Oproep	προσερχώμεθα [<i>Laat ons (voortdurend) tot God nader</i>]
	Wyse
Rede	μετὰ ἀληθινῆς καρδίας [<i>met ’n opregte hart</i>]
	ἐν πληροφορίᾳ πίστεως [<i>in volle geloofsekerheid</i>]
	βεραντισμένοι τὰς καρδίας ἀπὸ συνειδήσεως πονηρᾶς [<i>die harte is gereinig van ’n skuldige gewete</i>]
	καὶ λελουσμένοι τὸ σῶμα ὕδατι καθαρῷ: [<i>en liggame gewas met skoon water</i>]

TWEEDE OPROEP: DIE *VITA CHRISTIANA* SE BELYDENIS VAN HOOP (10:23)

Die tweede oproep (ook in die vorm van ’n hortatiewe subjunktief) verbind die Christelike hoop en belydenis. Dit kon moontlik ’n kulties-liturgiese doopbelydenis van die gemeente gewees het, of deel van die liturgie van ’n Christelike erediens, of albei (Grässer 1997:25).

Oproep	κατέχωμεν τὴν ὁμολογίαν τῆς ἐλπίδος ἀκλινηῆ [<i>Laat ons (voortdurend) styf vashou aan die hoop wat ons bely</i>]
Rede	πιστὸς γάρ [<i>want (God) is getrou</i>] ὁ ἐπαγγελιάμενος [<i>Hy doen wat hy beloof het</i>]

“Styf vashou”

Dis ’n oproep wat gelowiges aanspoor om voortdurend styf vas te hou aan die hoop wat hulle bely. Die woord wat vir “styf” gebruik word (ἀκλινηῆ) kom net hier in die NT voor en alhoewel dit ’n

hapax legomenon is, is dit algemeen in buite-Bybelse Grieks. Veral Philo van Alexandrië se gebruik hiervan is die naaste aan Hebreërs: “nie ’n duimbreedte afwyk nie”.¹ “Styf vashou” (κατέχωμεν ... ἀκλινη) kwalifiseer dus die hoop wat bely word (τὴν ὁμολογίαν τῆς ἐλπίδος) – die Christelike belydenis van hoop moet onwankelbaar gehou word. Die vorm van die belydenis kan verander, maar nie die inhoud nie (Grässer 1997:25). Dit gaan hier met ander woorde oor die bewaring van die geloofstradisie (Weiss 1991:530). Hierdie “vashou” het drie eng verbonde en komplementêre aspekte: Eerstens ’n subjektiewe aspek wat op die lesers dui (hulle vrymoedigheid, volharding, geloof, en hoop). Tweedens, ’n objektiewe aspek wat op God se handeling dui (sy belofte aan gelowiges en die eed waardeur Christus gevestig is as hoëpriester – daarom is Christus die objek van die gelowiges se hoop en is die volharding van Christus self ’n voorbeeld vir die gelowiges). Derdens gaan dit oor ’n menslike respons (getuienis van die inhoud van die Christelike geloof en hoop, soos opgesom in die belydenis).

Hoop wat bely word

Die “hoop” τῆς ἐλπίδος kom tot uitdrukking in dit wat deur die belydenis (τὴν ὁμολογίαν) tot woorde gebring word, naamlik dat ons ’n groot hoëpriester het, Jesus die Seun van God (Heb 4:14). Die belydenis is onwankelbaar omdat God sy belofte reeds in sy Seun, Jesus, gerealiseer het (Schunack 2002:150). Die rede vir die vashou aan die hoop wat bely word (dus die gelowiges se volharding), word gevind in die betroubaarheid van God se belofte (Ellingworth, 1993:526). Die eienskap van “God wat getrou is” kom op etlike plekke in die NT voor (vgl. 1 Tess 5:24; 2 Tess 3:3; 1 Kor 1:9; 10:13; 2 Kor 1:18; 1 Joh 1:9; Op 1:5). “Hoop” en “geloof” is identies in Hebreërs (cf. 6:11 met 10:22). Om vas te hou aan ’n onwankelbare hoop – dis geloof (Grässer 1997:25) en geloof is ’n “belydenis van hoop”. Du Toit (2002:170) wys daarop dat dit hier handel oor die toekomsaspek van gelowiges se belydenis en formuleer die Christelike hoop op ’n treffende wyse: “Die Christelike hoop is God se toekomslik wat nou reeds in ons lewenskamer inskyn. Dit oorstraal ons hede met sy glans. Die Christelike hoop is ’n dogtertjie wat nou al opgewonde is oor die present wat sy môre gaan kry. Sy weet sy gáán dit kry, want haar pa is nie ’n praatjiesmaker nie. Hy verbreek nooit sy beloftes nie. Hy is getrou: *Hy doen wat Hy beloof het* (v 23)”.

DERDE OPROEP: DIE ETIEK VAN DIE VITA CHRISTIANA (10:24)

Wat hier volg in die derde oproep (die laaste van die drie hortatiewe subjunktiewe), is deel van die etiese riglyne waarvolgens die *vita Christiana* ingerig behoort te word. Hier gaan dit in die allereerste plek oor die onderlinge *liefde* (ἀγάπη, v.24) van Christengelowiges teenoor mekaar, waar dit in die voorafgaande verse oor die *geloof* (πίστις, vv.22, 23) en *hoop* (ἐλπὶς, v.23) gehandel het.

Oproep wyse	—καὶ κατανοῶμεν ἀλλήλους [en laat ons na mekaar omsien]
	—εἰς παροξυσμὸν ἀγάπης [deur stimulasie tot liefde]
	—καὶ καλῶν ἔργων [en goeie dade]

Omsien na mekaar

Die liefde kry gestalte in die konkrete verhoudings van gemeentede tot mekaar en onder mekaar (Wilson 1987:192; Weiss 1991:532). Volgens Heb 6:10 het die onderlinge verhoudinge tussen die

1 Cf. by Phuli: *LegAlleg* 2,83; *Gig* 49; 54; *ConfLing* 96; *Fug* 47; 150; *MutNom* 176; *Abr* 63; 170; *SpecLeg* 1,191; 2,2; *Virt* 216.

gemeentelede vroeër anders daar uitgesien (Weiss 1991:532). In sy wese handel dit hier dus oor 'gemeente-etiek' (Schunack 2002:150). Bruce (1985:253) praat van 'n "atmosfeer van Christelike gemeenskap". 'n Gesindheid van na-mekaar-omsien (κατανοῶμεν ἀλλήλους) beteken 'n omsien wat begin met 'n *raaksien* van mekaar, 'n omsien met noukeurige *aandag*, met innige *liefde*, en 'n omsien wat uiteindelik uitloop op *aksie* (cf. Du Toit 2002:171). Dieselfde Griekse werkwoord wat hier in terme van "omsien" gebruik word (κατανοέω), was reeds in Hebreërs 3:1 gebruik ("let noukeurig op", of "vestig die oë op"). Volgens Balz en Schneider beteken dit hier "take heed to one another" (1981:265), terwyl Lane (1991:273) vertaal: "keep on caring for one another". Dit gaan hier oor leemtes in die geloofsgemeenskap wat raakgesien en aangespreek behoort te word. Christengelowiges is geestelike bloedfamilie en behoort aan mekaar (Du Toit 2002:171). Hulle is bloedfamilie omdat hulle deur die bloed van Jesus se kruisdood deel geword het van die familie van Christus.

Aansporing tot liefde

Die naamwoord, "aansporing" (εἰ παροξυσμόν), word hier in 'n positiewe sin gebruik (Schunack 2002:150). Geleerdes is dit eens dat dit hier eintlik "stimulasie" beteken. Louw & Nida (1988:805) praat van "... the implication of stimulating a change in motivation or attitude – 'to cause, encouragement'" en stel voor dat dit in hierdie konteks vertaal kan word: "and let us be concerned with one another in order to encourage love and good works", of "... to cause people to love and to do good". (Vgl. ook Wilson 1987:192; Attridge 1989:289; Ellingworth 2000:527). Brown (1972:465) kies selfs vir "exite" hier – 'n betekenis wat deur die woordeboeke ondersteun word (Liddell en Scott 1968:1343; Seesemann in TDNT 1964:857). In klassieke Griekse etiek word die woord gebruik t.o.v. die kompetisie van die lewe dat 'n goeie voorbeeld sal aanspoor (oproep, "provoke") tot nabootsing (Seesemann 1964:857; Attridge 1989:290). Deur dieselfde naamwoord word liefde (ἀγάπη) hier gekoppel aan goeie werke (καλῶν ἔργων) – soos ook in Heb 6:10. Hierdie is die enigste twee plekke in Hebreërs waar die naamwoord (ἀγάπη) voorkom en in beide gevalle verwys ἔργον na menslike aksie by wyse van 'n positiewe konnotasie (Backhaus 2005:161). Dit herinner aan Jesus se her-interpretasie van die wet wat opgesom is in liefde vir God en liefde vir die naaste.

Aansporing tot goeie dade

Gereformeerde Christene steek dikwels vas by "*geloof* alleen". Daar is nie altyd vordering en voortgang na die *hoop* en veral nie na die *goeie dade* nie. Ons sukkel om te doen. Ons praat, ons bely met die *mond* en die *hart* – maar die *hand*, die aksie, ontbreek dikwels. Ons *dogmatiek* is in plek, maar ons *etiek* is verskraal. Ons word wel gered uit genade alleen – deur die geloof. Dis nie die dade wat red nie. Maar die dade is die *bewys* van die geloof. Dis die toets vir die egtheid van geloof. Volgens Grässer (1997:26-27) vind 'n belydenis sy egtheid in die etiek, anders is dit huigelary, want godsdiens sonder naastediens is huigelary (vgl Am 5:21-24; Jes 1:10-17; 1 Sam 15:22; Ps 51:18f; Mark 11:25; Matt 5:23; 1 Joh 4:20). Goeie werke (καλῶν ἔργων) is die direkte uitdrukking van die liefde. Dit staan in skrilte kontras met die "dooie werke" (νεκρῶν ἔργων) waarvan hierdie Christene bevry is (Heb 6:1; 9:14) (Ellingworth 2000:527; Attridge 1989:290; Klijn 1975:115; Swetnam 1974:337).

VIERDE OPROEP: DIE VITA CHRISTIANA AS GELOOFSGEMEENSKAP (10:25)

Die "omgee vir mekaar" van die vorige gedeelte kry juis gestalte deur mekaar ook aan te moedig om saam te kom (Ellingworth 2000:527). Dit word op 'n antitetiese wyse aangebied deur die opdrag wat na twee kante toe sny en wat eers in 'n negatiewe vorm weergegee word

(μὴ ἐγκαταλείποντέ, praesens partisipium aktief), en daarna in 'n positiewe vorm (ἀλλὰ παρακαλοῦντέ, praesens partisipium aktief). 'n Soortgelyke wisseling tussen positief en negatief kom ook elders in Hebreërs voor, vgl. 4:1,11; 6:4-12.

Oproep	{	μὴ ἐγκαταλείποντες τὴν ἐπισυναγωγὴν ἑαυτῶν [<i>Moenie v/d samekomste wegbly nie (neg)</i>]
Rede		ἀλλὰ παρακαλοῦντες [<i>maar moedig mekaar aan (pos)</i>] βλεπετε ἐγγίζουσιν τὴν ἡμέραν [<i>julle sien die (oordeels)dag kom nader</i>]

Wegbly van samekomste

Met “samekoms” (τὴν ἐπισυναγωγὴν) word spesifiek eredienste bedoel (Grässer 1997:28; Schunack 2002:151). Volgens Manson (1953:67) word die hele patroon van die Christelike lewe verstaan in terme van erediens. Hierdie eredienste van die gelowiges wat vergader as 'n geloofsgemeenskap (Attridge 1989:290) is die ruimte/sfeer waarbinne onderlinge steun, bemoediging, inspirasie, liefde en hoop gestalte kry. Hier verootmoedig gelowiges hulleself saam voor die Here, herinner hulle mekaar aan God se versoening, beleef hulle saam God se vryspraak, en eet hulle saam die nagmaal in herinnering aan Christus se kruisdood. Dit gaan hier oor die *stabilitas fidei*. Om binne hierdie groep te bly is dus eintlik heilsoodwendig (Grässer 1997:29). Du Toit (2002:172-173) en ander geleerdes noem ook 'n aantal soortgelyke redes waarom die gemeentebyeenkomste belangrik is:

- (a) Die gemeente is die versameling en die gemeenskap van diegene wat as heilige broers en susters, as deelnemers van die hemelse beroeping, nou gemeenskaplik gaan op die heilsweg wat deur Jesus ooggemaak is, om by die doelwit van die feesversameling van die gemeente (ekklesia) met die Eersgeborene (12:22f.) verenig te word (Schunack 2002:151).
- (b) Die wegbly gaan nie hier net oor “agterweë laat” nie, maar oor “verkeerde vermyding” of 'n onttrekking (Attridge 1989:290). Dis nie net die verlating van die geloofsgemeenskap wat hier op die spel is nie, maar tegelyk afvalligheid van die geloof (Weiss 1991:533). Hulle het hulle “eerste begeestering verloor” (Weiss 1991:534).
- (c) Dit gaan hier oor toewyding. Oor gemeenskap. Oor solidariteit en verantwoordelikheid teenoor mekaar en vir mekaar. Om saam op weg te wees, op reis te wees, na dieselfde eindbestemming.
- (d) Die oproep is 'n persoonlike oproep wat op die individu gerig is en verwoord word in 'n kritiese vermaning: moenie wegbly nie. “Wegbly” beteken eintlik “verlaat” of “in die steek laat” (Grässer 1997:28). Dit het juis by sommige 'n gewoonte (ἔθος) begin word om weg te bly. Attridge (1989:290) wys daarop dat tekens hiervan reeds te bemerk is in vroeëre verwysings na hierdie soort wegdrywing (“apostasy”): Hebreërs 2:1-5; 3:12; 4:11; 6:4-12. Daar is geen direkte of eksplisiete rede wat vermeld word nie, maar die vermoede is tog dat verskeie redes tot hierdie soort onttrekking (wegbly) kon gelei het - en dan waarskynlik nie net een van ondergenoemdes nie, maar 'n kombinasie hiervan:
 - i. Dat party afvallig geword het van die Christelike geloof en nou skielik (weer) na die Joodse sinagoges gegaan het - alhoewel daar nie 'n sterk saak uit te maak is vir hierdie moontlikheid nie (Grässer 1997:30);
 - ii. Dat sommige nie regtig afvallig geword het van die Christelike geloof en nou skielik (weer) na die Joodse sinagoges gegaan het nie, maar eerder dat hierdie Christengelowiges afgemat geraak het. Hulle was moeg en moedeloos - of selfs eenvoudig te lui om die samekomste by te woon (Bruce 1985:253; Grässer

- 1997:30; Ellingworth 2000:528). Veral die lang wag op Jesus se wederkoms het waarskynlik hiertoe bygedra (Attridge 1989:290);
- iii. Dat sommige waarskynlik gemeen het dat dit in die Christendom soos by die kultusse van Isis en Magna Mater kon wees, waar mens 'n soort heilige inhoud en seënwense verkry het, en dan kon onttrek en gewoonweg voortgaan met jou lewe (Bruce 1985:253);
 - iv. Daar is ook 'n vermoede dat sommige selfs gereken het dat hulle nie die steun en gemeenskap van ander gelowiges nodig het nie en eenvoudig op hulle eie - met 'n soort spirituele superioriteit - nie hierdie samekomste nodig gehad het nie (Bruce 1985:253). Dit terwyl daar nie iets soos 'n "privaat-Christendom" is nie en dit terwyl geestelike vereensaming en isolering gevaarlik is;
 - v. Dat ander weer eenvoudig bang was vir die owerhede en daarom hierdie openbare byeenkomste doelbewus vermy het (Bruce 1985:254; Attridge 1989:290);
 - vi. Dat sommige selfs die gemeenskapsmaaltyd wou vermy vanweë die teenwoordigheid van ander wat daarby is (Grässer 1997:30 - wat dit afwys);
 - vii. Daar is selfs 'n vermoede dat diegene wat weggebly het, so gedoen het omdat hulle moontlik selfs 'n teengroep teen die Christene op die been wou bring (Attridge 1989:290; Grässer 1997:30; Ellingworth 2000:528).

Wedersydse aanmoediging

Aan die positiewe kant van die oproep lê 'n troostende aanspreek van mekaar. Hulle moet nie net self op 'n passiewe wyse van die gemeentebyeenkomste wegbly nie, maar moet ook op 'n aktiewe wyse mekaar aanmoedig om dit by te woon. Die werkwoord wat hier gebruik word (*παρακαλου=ντέ*) het die betekenis van "appeal" (Arndt & Gingrich 1979:617). Die plek waar die Christengelowiges van die eerste eeu vergader het was 'n soort woonstelblokkie met werksinkels op die onderste vlak en vergaderplek vir maksimum dertig tot veertig mense op die boonste vlak. Afwesigheid binne hierdie huisgemeentes was baie meer opvallend (Du Toit 2002:173).

'n Naderende oordeelsdag

Die rede waarom die Christene hulle deelname aan die geloofsgemeenskap moet uitleef, word aangegee: Die (oordeels)dag kom nader (*βλέπετε ἐγγίζουσιν τὴν ἡμέραν*). Volgens Hughes (1977:416) kan hierdie "dag" net verwys na die "ultimate eschatological day, which is the day of reckoning and judgment, known as the Day of Lord". Daar lê dus 'n baie bepaalde eskatologiese gerigtheid in hierdie geloofsgemeenskapsbetrokkenheid: die gelowiges is saam op pad na die eindbestemming. Maar daar lê ook 'n apokaliptiese dimensie: 'n dag van oordeel en verlossing. Hoe nader die geregeinde, hoe dringender die vermaning (*μᾶλλον ... βλέπετε*). Die grondrede vir 'n geloofsdissipline waarbinne gelowiges mekaar aanmoedig tot die bywoning van die eredienste, is dus geleë in die eskatologiese verwagting van die naderende oordeelsdag (Weiss 1991:535).

SLOT

Heb 10:19-25 is 'n perikoop wat 'n aansporing tot volharding is (Kistemaker 1984:286). Dit omvat die tradisionele triadiese dimensies van die vita Christiana: geloof (v.22), hoop (v.23) en liefde (v.24). Deur vier oproepe word Christene herinner om te volhard in die "weg" - 'n nuwe en lewende weg wat gebaan is deur die bloed en deur die liggaam van Jesus. Die vier oproepe is nie net kulties gesitueerd nie, maar vertoon sterk vroeg-Christelike liturgiese karaktertrekke. In die eerste oproep weerklink die votum van die Christelike lewensweg wat oproep tot 'n toetreding in die

teenwoordigheid van God. Dit geskied deur die hart waarmee geglo word. In die tweede oproep weerklink die Christelike lewe se belydenis van hoop. Dit geskied deur die mond waarmee die hoop bely word. In die derde oproep weerklink die Christelike lewe se “wet” - etiese voorskrifte wat aanspoor tot liefde en goeie dade. Dit geskied deur die hand waarmee die liefdeshandelinge plaasvind. Die Christen se dade het dikwels ’n sterker getuienis- en belydeniskarakter as wat sy woorde het. In die vierde oproep weerklink die erns van die samekoms van die gelowiges. Geleenthede om bymekaar te kom moet geskep en benut word, sodat hierdie gemeenskap mekaar in geloof en hoop kan ondersteun, en hulle liefde vir mekaar deur goeie dade gestalte te kan laat kry (soortgelyk Bruce 1985:253).

Du Toit (2002:173) skryf: “Die onderlinge aansporing waarop Hebreërs soveel klem lê, het uit ons kerklike lewe verdwyn. Daarvoor is ons heeltemal te individualisties, te gereserveerd, te ordentlik, te onwillig om betrokke te raak, te bang ons sal aanstoot gee of dat ander sal dink ons hou ons danig vroom. Dis egter ’n Bybelse opdrag waarby ons nie kan verbykom nie (Rom 12:8; 1 Tess 5:11,14; 2 Tess 3:15; Heb 3:13). ’n Bemoedigende hand op die skouer, ’n liefdevolle aansporing op die regte tyd en plek is ’n bewys van ware omgee. Stilbly in sulke omstandighede is gruwelike liefdeloosheid.”

’n Ware Christelike lewenstyl bring die hemelse sfeer en God se teenwoordigheid op aarde omdat die bloed en die liggaam van Christus ’n nuwe, lewegewende weg kom oopmaak het.

BIBLIOGRAFIE

- Arndt, WF & Gingrich, FW 1979. *A Greek-English Lexicon of the New Testament and Other Early Christian Literature*. Chicago: University of Chicago Press.
- Attridge, HW 1989. *The Epistle to the Hebrews*. (Hermeneia). Philadelphia: Fortress Press.
- Backhaus, K 2005. *How to Entertain Angels. Ethics in the Epistle to the Hebrews*, in: Gelardini, G (ed), *Hebrews: Contemporary Methods - New Insights*, 149-176. Leiden: Brill.
- Balz, H & Schneider, G 1981. *Exegetical Dictionary of the New Testament*, Vol. 2. Grand Rapids: Eerdmans.
- Brown, R 1972. *Hebrews*. (The Geneva Series of Commentaries). London: The Banner of Truth Trust.
- Bruce, FF 1985. *The Epistle to the Hebrews (New International Commentary of the New Testament)*. Grand Rapids: Eerdmans.
- Du Toit, A 2002. *Hebreërs vir vandag. ’n Bybelstudie vir dieper delwers*. Vereniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
- Eberhart, CA 2005. *Characteristics of Sacrificial Metaphors in Hebrews*, in: Gelardini, G (ed), *Hebrews: Contemporary Methods - New Insights*, 37-64. Leiden: Brill.
- Ellingworth, P 2000. *The Epistle to the Hebrews (New International Greek Testament Commentary)*. Grand Rapids: Eerdmans.
- Gäbel, G 2006. *Die Kulttheologie des Hebräerbriefes*. (WUNT 212). Tübingen: Mohr Siebeck.
- Grässer, E 1997. *An die Hebräer*. 3. Teilband. Hebr 10,19 - 13,25. (EKK XVII/3). Zürich: Benziger Verlag.
- Hughes, PE 1977. *Commentary on the Epistle to the Hebrews*. Grand Rapids: Eerdmans.
- Kistemaker, SJ 1984. *Hebrews (New Testament Commentary)*. Grand Rapids: Baker Book House.
- Klijn, AFJ 1975. *De Brief aan de Hebreëen*. Nijkerk: Uitgeverij G. F. Callenbach B.V.
- Lane, WL 1991. *Hebrews 9-13 (Word Biblical Commentary 47B)*. Dallas: Word Incorporated.
- Liddell, HG & Scott, R 1968. *A Greek-English Lexicon*. Oxford: Clarendon Press.
- Lincoln, A 2006. *Hebrews: A Guide*. London: T & T Clark.
- Louw, JP & Nida, EA 1988. *Greek-English Lexicon of the New Testament based on Semantic Domains*. Vol. 1 & 2. Cape Town: United Bible Societies.
- Manson, W 1953. *The Epistle to the Hebrews. An historical and theological reconsideration*. London: Hodder and Stoughton Ltd.
- Maurer, C 1964. s.v. *pro/sfatoj*, *Theological Dictionary of the New Testament*, Vol. 6, 766-767. Stuttgart: Kohlhammer Verlag.
- Schunack, G 2002. *Der Hebräerbrief*. (Zürcher Bibelkommentare). Zürich: Theologischer Verlag Zürich.
- Seesemann, H 1964. s.v. *parocusmo/j*, *Theological Dictionary of the New Testament*, Vol. 5, 857. Stuttgart: Kohlhammer Verlag.

- Strobel, A 1975. Der Brief an die Hebräer. (Das Neue Testament Deutsch 9). Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Swetnam, J 1974. Form and Content in Hebrews 7 - 13. *Biblica* 55, 333-348.
- Trotter, AH 1997. Interpreting the Epistle to the Hebrews. (Guides to New Testament Exegesis). Grand Rapids: Baker Books.
- Weiss, H-F 1991. Der Brief an die Hebräer. (KEK 13). Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Westcott, BF 1974. The Epistle to the Hebrews. Grand Rapids: Eerdmans.
- Wilson, RMcL 1987. Hebrews (New Century Bible Commentary). Grand Rapids: Eerdmans.

TREFWOORDE

Hebreërs
Etiek
Votum
Belydenis
Hoop

KEY WORDS

Hebrews
Ethics
Votum
Confession
Hope

KONTAKBESONDERHEDE

Prof Gert J Steyn
Fakulteit Teologie
Universiteit van Pretoria
0002 PRETORIA
E-pos: gert.steyn@up.ac.za